
SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za

Province of the EASTERN CAPE EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# VERBRUIKERSTUDIES NASIENRIGLYN

**PUNTE: 200**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 15 bladsye.

SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A

### VRAAG 1: KORTVRAE

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.2 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.3 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.4 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.5 | A ✓ | (1) |
| | 1.1.6 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.7 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.8 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.9 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.10 | A ✓ | (1) |
| | 1.1.11 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.12 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.13 | A ✓ | (1) |
| | 1.1.14 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.15 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.16 | D ✓ | (1) |
| | 1.1.17 | C ✓ | (1) |
| | 1.1.18 | B ✓ | (1) |
| | 1.1.19 | A ✓ | (1) |
| | 1.1.20 | B ✓ | (1) |
| | 1.2.1 | F ✓ | (1) |
| | 1.2.2 | C ✓ | (1) |
| | 1.2.3 | G ✓ | (1) |
| | 1.2.4 | B ✓ | (1) |
| | 1.2.5 | A ✓ | (1) |
| | 1.3.1 | C ✓ | (1) |
| | 1.3.2 | E ✓ | (1) |
| | 1.3.3 | B ✓ | (1) |
| | 1.4.1 | Aanbod-om-te koop ooreenkoms ✓ | (1) |
| | 1.4.2 | Korporatiewe liggaam ✓ | (1) |
| | 1.4.3 | Verband ✓ | (1) |
| | 1.4.4 | Huurkontrak ✓ | (1) |
| | 1.4.5 | Voltitel ✓ | (1) |
| | 1.5 | B, E, F ✓✓✓ (Enige volgorde) | (3) |
| | 1.6 | A, C, D, F ✓✓✓✓ (Enige volgorde) | (4) |

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING B

## VRAAG 2: DIE VERBRUIKER

2.1 **Noem die hoofbron van inkomste vir die Suid-Afrikaanse regering.**
Inkomstebelasting ✓ (Onthou, maklik) (1)

2.2 **Skryf die afkorting LBS volledig uit.**
Lopende betaalstelsel ✓ (Onthou, maklik) (1)

2.3 **Verduidelik die onderstaande terme.**

2.3.1 **Waarborg**
ʼn Waarborg is ʼn geskrewe onderneming, ✓ wat belowe om ʼn artikel te herstel of te vervang as dit of as dit breek nie reg werk nie, in ʼn spesifieke periode. ✓✓ (S bl. 175)

**OF**

ʼn Waarborg is ʼn geskrewe belofte ✓ om die item te vervang of te herstel, as die item nie in terme van die waarborg nakom nie. ✓✓
(F bl. 1.53)
(Onthou matig) (2)

2.3.2. **Garansie**
ʼn Garansie is ʼn versekering dat die produk in ʼn werkende toestand vir ʼn spesifieke lengte van tyd sal bly. ʼn Garansie is ʼn belofte van die vervaardiger dat hulle dit sal uitsorteer indien enige probleme met die produk of diens wat waarmee hulle nie tevrede is nie in terme van garansie, die geld wat betaal is terug sal gee. ✓✓ (S bl. 175)

**OF**

ʼn Garansie is ʼn belofte in skrif wat die kwaliteit of duursaamheid van ʼn produk of diens ʼn sekere standaard sal handhaaf en indien die produk of diens nie tevrede in terme van die garansie is nie, sal die geld terugbetaal of terug gegee sal word. ✓✓ (F bl.153)
(Onthou magtig) (2)

2.4 2.4.1. **Identifiseer die bedrogspul in die spotprent geïllustreer.**
Werk-van-huis-af bedrogspul ✓ / werk-van-die huis-as-slenters
(Onthou maklik) (1)

2.4.2. **Waarom sal ʼn verbruiker kwesbaar vir die bedrogspul wees?**
Verbruikers soek ekstra geld, en dit klink soos ʼn maklike manier om geld te maak. ✓ (Onthou maklik) (1)

2.4.3. **Maak ʼn verbruiker bedag op TWEE waarskuwingstekens van hierdie bedrogspul.**
- Jy moet geld betaal voordat jy die werk begin ✓
- Jy is ʼn werk aangebied sonder dat jy aansoek gedoen het. ✓

(S bl. 177, F bl. 156)
(Onthou magtig) (2)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.5 **Bespreek hoe die volgende belastings ’n verbruiker se besteebare inkomste affekteer.**

2.5.1 **BTW (Belasting op toegevoegde waarde)**
BTW is ’n versteekte belasting en die verbruiker is nie altyd bewus hoeveel belasting hulle betaal nie. ✓ Alle verbruikers betaal BTW, ongeag hulle inkomste of die verkoopprys van die item. BTW word bygevoeg by die produkte en dit maak dit duurder, dus minder besteebare inkomste vir verbruikers. ✓✓
(S bl. 181, F bl. 159)
(Verstaan, magtig) (2)

2.5.2 **Eiendomsbelasting**
Eiendomsbelasting word volgens ’n glyskaal betaal. Verbruikers sal nie kan bekostig om ’n huis te koop weens die belasting wat betaal moet word. (Belasting sal die besteebare inkomste verminder vir die aankoop van ’n huis.).
Eiendomsbelasting vermeerder soos die markwaarde van die huis vermeerder en dus verminder dit die besteebare inkomste. ✓✓
(S bl. 181, F bl. 159)
(Verstaan, magtig) (2)

2.6 2.6.1 **Verduidelik hoe ’n piramideskema werk**
Piramideskema bestaan wanneer lede vergoeding ontvang van die werwing van ander lede eerder as die verkope van goedere of dienste. Soos meer lede gewerf word, beweeg vorige lede na ’n hoër vlak van die piramide. ✓✓ (S bl. 178)

**OF**

Daar is een persoon op die boonste vlak wat mense oorreed om geld in die skema te belê. Elke persoon werf meer mense sodat die skema kan groei van ’n enkele persoon op die boonste vlak na groot hoeveelheid mense op die basis. ✓✓ (F bl. 157) (Verstaan, maklik) (2)

2.6.2 **Differensieer hoe verbruikers geaffekteer kan word deur ’n wettige skema (multivlak-bemarking) en ’n piramideskema. Tabuleer jou antwoord soos volg:**

| | Wettige piramideskema Multivlak- bemarking | Piramideskema |
|---|---|---|
| Effek op verbruikers | Die verbruiker betaal geld en ontvang ’n produk in ruil. ✓ Die meer mense gewerf word, ’n beter kommissie sal verdien word. ✓ (2) | Die verbruiker betaal geld en ontvang ’n belofte ✓ van uitbetaling op belegging maar verloor al die geld op die einde. ✓ (2) |
| | | (Verstaan, magtig) (F bl. 162, S bl. 178–179) |

(4)

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.7 2.7.1 **Bespreek redes waarom stokvel op die toeneem is en hoe sal die verbruikers baat vind.**

Verbruikers ervaar moeilike ekonomiese tye, ✓veral na die Covid-19 pandemie. Mense het hulle werk verloor, en probeer om finansiële stabiliteit te kry. ✓ Deur by 'n stokvel aan te sluit kan hulle geld spaar ✓ en dit help om hul finansies te bestuur. ✓ Die stokvel kan krediet gee aan die lede en die lede kan in die winste deel. 'n Stokvel skep mini-gemeenskappe (ondersteuningsnetwerke) waarin mense met soortgelyke uitkyke gereeld kan ontmoet vir sosialisering, en ondersteuning om met maandelikse bydraes vol te hou. ✓ Die besparing van 'n stokvel maak dit moontlik vir die verbruiker om grootskaalse aankope aan te gaan. ✓

(Toepassing, magtig, S bl. 177, F bl. 156)
(Enige 5 x 1) (5)

2.8 2.8.1 **Beskryf maniere hoe munisipaliteite die fondse kan aanwend om voordeel vir dienslewering aan burgers te verbeter.**

- Voorsien basiese dienste aan alle burgers (water en elektrisiteit) ✓
- Gratis elektrisiteit / water / gas voorsien per huishouding ✓
- Riool kollektering en verwydering ✓
- Vullisverwydering ✓
- Munisipaliteit gesondheidsdienste / Voorsiening vir gesondheids-klinieke ✓
- Brandweerdienste ✓

(Toepassing, maklik, S bl. 201–204, F bl. 179)
(Enige 5 x 1) (5)

2.9 2.9.1 **Definieer die term *inflasie*.**

Inflasie kom voor wanneer pryse van goedere styg ✓ maar die hoeveelheid geld beskikbaar om goedere te koop bly dieselfde. ✓ (S bl. 184)

**OF**

Die styging in pryse van goedere en dienste oor 'n spesifieke periode gemeet. ✓✓ (F bl. 162)

(Onthou, magtig) (2)

2.9.2 **Analiseer hoe die impak van verlaagde inflasiekoers op die verbruiker in die tydperk.**

- Inflasie sal normaalweg afname in die koopkrag van geld het, maar 'n geringe afname in inflasie, sal die verbruiker meer besteebare inkomste gedurende hierdie tyd het. ✓
- Desember is gewoonlik 'n moeilike maand / en die verbruikers sal die afname verwelkom sodat hulle meer geld kan hê om gedurende die feestyd te spandeer. ✓
- Verbruikers met vaste inkomstes soos pensioenarisse sal verligting, gedurende die tyd kry, ✓aangesien inflasie hulle die meeste affekteer. ✓
- Vervaardigers kan produksie vermeerder aangesien meer produkte gedurende hierdie tyd verkoop sal word. ✓
- Verbruikers wat geld oor 'n langtermyn leen kan voordeel trek as hulle geld teen 'n laer vaste rentekoers leen. ✓
- Verbruikers wat 'n hoër vaste rentekoers op 'n huislening het, sal nie voordeel uit die afname in inflasie trek nie. ✓

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



- As die huispryse teen 'n laer rente koers groei sal meer verbruikers eiendom kan bekostig. ✓

(Analise, moeilik) (8)
**[40]**

## VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING

3.1 **Lys DRIE voordele van organies geproduseerde voedsel op die natuurlike omgewing kan hê.**

- Chemikalieë/bemestingstowwe/insekdoders/onkruiddoders wat die natuurlike omgewing kan beskadig word nie gebruik nie. ✓
- Water is skoner / besoedeling is beperk of minder. ✓
- Organiese boerdery verbeter die grondkwaliteit. ✓
- Gewasrotasie voorkom dat peste en siektes in by 'n veld kan voorkom. ✓
- Organiese boerdery voorsien goeie omstandighede vir vee. ✓

(Onthou, maklik)
(Enige 3 x 1) (3)

3.2 **Gee redes waarom die volgende additiewe/bymiddels by voedsel gevoeg word.**

3.2.1 **Lesitien**
Emulsifiseerder ✓
Voorkom die skeiding van olie en water / laat olie en vloeistowwe saam meng / laat die kombinering van olie en water toe. ✓ (Onthou, maklik) (2)

3.2.2 **Vitamien C / askorbiensuur**
Anti-oksidant ✓
Voorkom die oksidasie van voedsel ✓ Voorkom galsterigheid ✓ of verkleuring ✓

(Onthou, maklik)
(Enige 2 x 1) (2)

3.2.3 **Swaweldioksied**
Voorkom verbruining van droë vrugte/ vrugte sap ✓ (onthou, maklik) (1)

3.3 **Teken die onderstaande tabel oor en voltooi die inligting wat weggelaat is.**

| | | Dixie | Freya | |
|---|---|---|---|---|
| 3.3.1 | Eetversteuring | Anorexia ✓ (1) | Bulimia ✓ (1) (Onthou, maklik) | (2) |
| 3.3.2 | Eetgewoonte | Geheimsinnig oor kos ✓ uithongering gebruik van lakseermiddel ✓ of oorgebruik van dieëtpille ✓ (Enige 2) | Herhaaldelike episodes van vergryping ✓/ eet groot hoeveelhede kos ✓gevolg deur opgooi / gebruik van lakseermiddel om ontslae te raak van die kos. ✓ Vas mag deel vorm van die eet gewoontes ✓ (Enige 2) (verstaan, maklik) | (4) |

(F bl. 83 S p 94–95)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.4 3.4.1 **Gee TWEE redes vir vetsug.**

- Om meer kilojoules in te neem as wat die liggaam verbrand / ooreet. ✓
- Gebrek aan oefening. ✓ (onthou, maklik) (2)

3.4.2 **Skryf 'n paragraaf oor die bestuur van vetsug. maak spesiaal verwysing aan leefstyl veranderinge, koolhidrate en vetinname.**

- Vetsug kan bestuur word deur die kontrole van voedsel van kos wat jy eet, wat goeie eetgewoontes skep ✓ en jou fisiese aktiwiteite. ✓ 'n Gebalanseerde energie-beperkte dieet moet gevolg word deur die insluiting van lae-G.I. ✓ en volgraan ✓ koolhidrate wat hoog in vesel is ✓ om jou langer vol te hou. Legumiene kan geëet word want dit het 'n lae G.I. ✓-waarde want dit maak jou vol en is laag in vet. ✓ Verminder jou vetinname deur die voedsel te rooster, bak of stoom in plaas daarvan om dit te braai. ✓ Eet meer hoender en vis want dit bevat minder vet en cholesterol as rooivleis. Eet minder suikerryke voedsel / versoete voedsel / suikerryke drankies. ✓
- Eet versnaperings van gesonde voedsel en eet minder gemorskos / wegneem etes het versteekte vette. ✓

**Nasienriglyne:**

- 2 punte leefstyl veranderinge ✓✓
- 2 punte vir verminder koolhidrate ✓✓
- 2 punte vir verminderde vette ✓✓

(Toepassing, magtige) (6)

3.5 3.5.1 **Noem die bestanddeel op die voedsel-etiket wat vermy moet word as 'n persoon gluten-intolerant is.**

Volgraan ✓ (Onthou, maklik) (1)

3.5.2 **Beskryf die toestand *gluten-intoleransie*.**

Gluten-intoleransie is 'n intestinale versteuring wanneer die liggaam intolerant vir gluten is. ✓ Die voering van die dunderm word beskadig as gevolg van reaksie om gluten te eet. ✓ Wanneer 'n persoon met seliakie-siekte voedsel met gluten eet, sal die immuunstelsel reageer en die villi beskadig. ✓ Die villi kan dus minder essensiële nutriënte absorbeer. ✓

(S bl. 93)

**OF**

Gluten-intoleransie is 'n spektrum van "versteurings" insluitend seliakie, waaring gluten nadelige effek op die liggaam het. ✓ Gluten beskadig die voering van die dunderm wat veroorsaak dat die nutriënte deur die liggaam gaan sonder dat dit geabsorbeer word. ✓ Seliakie kan lei tot wanvoeding as dit nie behandel word nie. ✓ (F bl. 77–78)

(Verstaan, magtig) (4)

3.5.3 **Regverdig die korrektheid van die eis deur die volgende vereistes.**

**(a) Lae in vet**

Die eis is regverdig. Lae in vet moet 3 g per 100 g ✓wees en die totale vet per 100 g is 2,3 g ✓ (Toepassing, magtig) (2)

**(b) Hoog in vesel**

Die eis is geldig. Hoog in vesel moet 4,6 g per 100 g ✓ wees en die totale vesel per 100 g is 11,6 g ✓ (Toepassing, magtig) (2)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



3.6 **Datumstempels verskyn op voedselverpakking. Bespreek die implikasie gebruik(verkoop)-teen-datum op etikette vir die verbruiker.**

- "Gebruik(verkoop)-teen" dui aan dat die produk is nie bemarkbaar nie / kan nie verkoop na die datum nie. ✓
- Dit verskyn op bederfbare produkte byvoorbeeld melk, vleis, vis ens. ✓
- Gebruik(verkoop)-teen" verwys na die produk waartydens die produk nog van ʼn goeie kwaliteit is en veilig is om te eet. ✓
- Die verbruiker mag siek word / voedselvergifting opdoen as die produk na die datum geëet word. ✓
- Die gebruik(verkoop)-by-datum wat naby is beteken dat die produk binne ʼn kort tyd geëet moet word. ✓

(Toepassing, magtig)
(Enige 3 x 1) (3)

3.7 **Evalueer die onderstaande spyskaart vir ʼn persoon wat laktose-intolerant is.**

**Voordele**
- Muesli met amandels is geskik aangesien amandels is hoog in kalsium en ʼn laktose-intolerante persoon sal ʼn kalsiumgebrek het. ✓
- Joghurt is ʼn goeie gekultiveerde suiwel en ʼn laktose-intolerant ✓ persoon kan dit gebruik en die laktose word in melksuur in die vervaardiging omgesit.
- Omelet met salm is goed omdat salm kalsium bevat. ✓
- Eiers het ook ʼn betjiekalsium. ✓

**Nadele**
- Kaas in die omelet kan nie verduur word deur ʼn persoon wat laktose intolerant is nie. ✓
- Die koffie voorkom die absorpsie van kalsium wat kan tot ʼn kalsium gebrek kan lei. ✓

Gevolgtrekking: Die ontbyt is geskik.✓

**Nasienriglyne:**
- 1 punt vir gevolgtrekking
- 3 punte vir voordele
- 2 punte vir nadele (6)

**[40]**

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 4: KLEDING

4.1 4.1.1 **Gee die korrekte modeterm vir die woord herlewe 'rebooted' soos in die teks gebruik word.**

Mode-herlewing / Retrospektiewe mode ✓

(Onthou, maklik) (F p50, S bl. 53) (1)

4.1.2 **Identifiseer die kurwe wat die modegier verteenwoordig.**

A ✓ (1)

4.1.3 **Definieer die volgende terme wat in die teks gebruik word**

**(a) Handelsnaam**

Enige woord, simbool, naam of toestel wat 'n persoon gebruik om te identifiseer ✓ en te onderskei tussen hom of haar goedere wat vervaardig of verkoop word deur ander. ✓ (2)

**(b) Namaaksels ("Knock-offs")**

Kopieë of namaaksels ✓ van iets populêr wat vir minder as die oorspronklike verkoop word. ✓ (Onthou, matig) (2)

4.1.4 **Verduidelik die negatiewe ekonomiese impak van die vervalsing die 'Moon Boot'-handelsmerk.**

- Die oorspronklike Moon Boot-handelsmerk kan 'n verlies aan verkope het / verloor inkomste. ✓
- Die oorspronklike beeld sal beskadig word. ✓
- Verbruikers sal geloof verloor in die handelsnaam en dus minder koop. ✓
- Dit voorkom dat die geregistreerde handelsname die markte betree waar handelsrowery van handelsname bestaan. ✓
- Namaaksels/Vervalsings ontneem die nasionale ekonomie van doeane-dienste en belastinginkomste. ✓
- Geen kompetisie in die mark, of prysoorloë om ooreen te stem met laer pryse van nagemaakte produkte. ✓

(Verstaan, magtig) (S bl. 62 F bl. 2)

(Enige 4 x 1) (4)

4.2 4.2.1 **Beskryf waarom bamboes as volhoubaar beskou word.**

- Bamboes groei vinnig ✓
- Geen insekdoders word gebruik / groei in 'n vriendelike omgewing manier ✓
- Gemaak van hernubare gewasse met goeie opbrengs ✓
- Kan maklik herplant word ✓
- Vereis baie min water ✓
- Prosessering gebruik minder chemikalieë wat nie die omgewing sal beskadig nie. ✓
- Minder chemikalieë gebruik gedurende groei en prosessering. ✓

(toepassing magtig)(S p 67, F bl. 60)

(Enige 3 x 1) (3)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



.

4.3 4.3.1 **Verduidelik hoe die tegnologiese verandering modes kan beïnvloed.**

- Tegnologie laat toe dat nuwe kledingstowwe geskep kan word, met nuwe eienskappe soos verbeterde elastisiteit. ✓
- Rekstowwe was geskep om liggaamsklewende kledingstowwe meer gemaklik maak om te dra. ✓
- Biotegnologie en nanotegnologie verbeter die reeks kledingstowwe vir sportsklere om dit beter te laat doen. ✓
- Ontwikkeling in die vervaardigingsindustrie het masjiene geskep om patroon-ontwerpe en breimetodes te verbeter. ✓
- Tegnologie het sosiale media en die internet geskep wat dit moontlik gemaak om toegang te verkry en verskillende klere te sien, en dit het ook die verspreidingsmetodes van modieuse klere verbeter. ✓
- Die behoefte aan volhoubaarheid het tot verbeterde eko-vriendelike kledingstowwe gelei. ✓

(Toepassing, maklik) (S bl. 54, F bl. 50)
(Enige 3 x 1) (3)

4.4 **Analiseer die geskiktheid van die uitrusting vir ’n mode-tydskrif skrywer**

- Die vlootblou baadjiepak is ’n klassieke styl, en dit lyk formeel.✓
- Die geblomde bostuk kan individualiteit beklemtoon en lyk baie formeel.✓
- Die goue oorbelle, armband en horlosie is klassieke juweliersware en dit gee ’n formele voorkoms. ✓
- Die halssnoer is nie oorweldigend nie, en dit kan as ’n modeneiging gesien word en prikkel belangstelling en styl aan die uitrusting.✓
- Die donker blou skoene is ’n klassieke styl, wat formeel lyk en dit kan meerdoelig wees. ✓
- **Gevolgtrekking**. Die uitrusting is geskik. ✓

Een punt vir gevolgtrekking en 3 feite.

(Analisering, magtig)
(Enige 3 feite) (3)
**[20]**



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



## VRAAG 5: BEHUISING

5.1 5.1.1 **Verwys na die advertensie en identifiseer die tipe huiseienaarskap.**

Deeltitel ✓ (Onthou, maklik) (1)

5.1.2 **Gebruik die inligting in die advertensie en lys DRIE voordele om een van die eenhede te kies.**

- Elke eenheid kom met 'n parkeerplek en 'n 3 $m^2$ balkon ✓
- Maklik toegang tot vervoerroetes ✓
- Elektriese perimeter-omheining met 24-uur sekuriteit ✓
- Geen oordragskoste ✓
- 'n Aantal slaapkamer opsies ✓
- Moontlikheid om uit te huur vir 'n inkomste ✓

(Onthou, maklik)
(Enige 3 x 1) (3)

5.1.3. **Noem die organisasie wat kan sê dat 'n bouer geregistreer is.**

NHBRR (Nasionale Huisbouersregistrasieraad).
(Onthou, maklik) (1)

5.1.4 **Die eienaar van die eenhede betaal 'n heffing. Noem TWEE gebruike van heffing vir hierdie tipe huiseienaarskap.**

- Die heffing word vir die onderhoud van die ontspanningsareas gebruik. ✓
- Betaling van munisipale belasting ✓
- Versekering ✓
- Herstel en onderhoud van gemeenskaplike areas. ✓
- Toelae en salarisse vir tuinpersoneel of sekuriteitspersoneel. ✓
- Dekking van enige ekstra uitgawes soos toevallige beskadiging. ✓

(Verstaan, magtig)
(S p 140, F bl. 119)
(Enige 2 x 1) (2)

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.1.5 **Voorsien TWEE voordele en TWEE nadele om ʼn huis te bou. Tabuleer jou antwoord as volg:**

| Voordele van bou van ʼn huis | Nadele vir die bou van ʼn huis |
|---|---|
| • Bou kos minder as om ʼn huis te koop. ✓<br>• Die eienaar kan die huis ontwerp om by die behoeftes en smaak aan te pas. ✓<br>• Die nuutste ontwerpe en tegnologie kan gebruik word. ✓<br>• Dit is moontlik om ʼn omgewingsvriendelike huis te ontwerp. ✓<br>• Die huis kan voltooi word volgens die eienaar se eie skedule. ✓<br>• As daar nie genoeg fondse is nie, kan die bouwerk stil staan/onderbreek word.<br>• Die bou van ʼn huis is ʼn belegging. Dit is ʼn vorm van besparing, want dit is belegging in die waarde kan verhoog. ✓<br>• Alle toebehore en komponente van die huis is nuut en behoort te werk. ✓<br>(Enige 2) | • Altyd ʼn risiko van foutiewe konstruksie. ✓<br>• Bou van ʼn huis kan meer kos as om huis te koop. ✓<br>• As die bouwerk vertraging ondervind, mag die eienaar ongerief en stres ondervind. ✓<br>• Beheer van die projek, kan moeilik wees. ✓<br>• Die bou van ʼn huis kan tydrowende wees. ✓<br>• Kwaliteitbeheer is belangrik, maar dit kan probleme veroorsaak. ✓<br>• Kan ʼn duur storie wees om ʼn nuwe tuin/addisionele koste na konstruksie soos tuinversiering te doen. ✓<br>• Dar mag nog onvoorsiene koste soos erf voorbereiding. ✓<br>• Die bou van ʼn huis moet voldoen aan boukodes en regulasies. ✓<br>(Enige 2) |

(onthou, matig) (S p 138, F bl. 118)
(Enige 4 x 1) (4)

5.2 **Bestudeer die onderstaande advertensie en beantwoord die vrae wat volg.**

5.2.1 **Noem ʼn ander tipe vrieskas wat beskikbaar is die verbruiker.**

Kistipe (vrieskas) ✓ (Onthou, maklik) (1)

5.2.2 **Watter funksie dui aan dat die vrieskas omgewingsvriendelik is?**

A+ energie-skatting ✓ (Verstaan, maklik) (1)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



5.2.3 **Bespreek die impak van menslike en nie-menslike verbruik wanneer hierdie vrieskas gebruik word.**

**Menslike energie**

- Spaar **tyd** met die nie-bevrore sisteem ('no-frost system') want dit maklik om te onderhou. ✓

**OF**

- Voedsel is meer georganiseer deurdat dit in verskillende laaie is, wat **tyd spaar om sekere items te vind**.
- Regop tipe vrieskas is maklik om voedsel te pak en uitpak – nie nog om te buk, minder **fisiese inspanning**. ✓

**Nie-menslike energie**

- Regop tipe vrieskas gebruik meer elektrisiteit as die kistipe.
- Geen-vries opsie gebruik meer elektrisiteit as die gewone ontvries-vrieskas.
- A⁺ energieskatting sal meer elektrisiteit spaar want dit is meer energie doeltreffendheid. (Analisering, moeilik) (2 x 2) (4)

5.2.4. **Bereken die totale koste van die huurkoop:**
R5 800 – R1500= R4 300 ✓
R4 300 x 20% = R860 ✓
Totaal koste: R4 300 + R860 + R1 500 = R6 660 ✓
(Toepassing, matig) (3)
**[20]**

## VRAAG 6: ENTREPRENERSKAP

6.1 **Verduidelik die volgende terme m.b.t klein besigheidspraktyke.**

6.1.1 **Aanvangskoste**
Aanvangskoste sluit in alle koste wat betaal moet word, om 'n besigheid te begin soos byvoorbeeld 'n besigheidslisensie. ✓✓ (S bl. 18)

**OF**

Aanvangskoste is in rand of enige iets wat jy spandeer op voordat die produksie begin. ✓✓ (F bl. 35)
(Onthou, maklik) (2)

6.1.2 **Volhoubare winsgewendheid**
Volhoubare winsgewendheid beteken dat die besigheid sal groei, en sal nog steeds in wins toon oor 'n langtermyn. ✓✓ (S p 34)

**OF**

Volhoubare winsgewendheid is 'n besigheid se vermoë om 'n bestendige vlak van produksie van verkope te handhaaf sonder om beskikbare kontant uit te put. ✓✓ (F bl. 35)
(Onthou, maklik) (2)

6.2 **Meld TWEE faktore wat word by bemarkingstrategieë oorweeg moet.**

- Produk ✓
- Mense ✓
- Plek ✓
- Promosie ✓
- Prys ✓ (Onthou, maklik) (Enige 2 x 1) (2)



SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



6.3 **Beskryf hoe ’n entrepreneur ’n goeie klanteverhoudinge kan behou.**

- Dit is belangrik om in die behoeftes van kliënte te voldoen / maak seker dat jy aan klante voorsien wat hulle wil benodig of wil hê. ✓
- Laat kliënte belangrik voel, om te verseker dat hulle besigheid met jou wil doen/Wees vriendelik en luister na die klagtes aandagtig sonder onderbrekings. ✓
- Gee onmiddellik aandag aan die klagtes en los die probleem op as jy kan. ✓
- Kry gereeld terugvoering van kliënte en gebruik dit om die besigheid te verbeter. ✓
- Gee duidelike inligting oor die produk of diens. ✓
- Kom jou beloftes na. ✓
- Skryf navrae of klagtes neer vir toekomstige verwysing. ✓
- Bel altyd terug as jy belowe het om dit te doen. ✓ (Enige 3 x 1) (3)

6.4 6.4.1 **Identifiseer faktore wat sal verseker dat Katie se besigheid die potensiaal het om winsgewend te word.**

Sy het ’n passie vir naaldwerk.✓
Sy is hardwerkend en kreatief. ✓ (Onthou, maklik) (2)

6.4.2 **Verduidelik die voordele om die TWEE werkers op te lei.**

Opleiding sal hulle help om:

- Doen die werk/ weet wat van hulle verwag word. ✓
- Verbeter die kwaliteit van die werk. ✓
- Verhoog produktiwiteit. ✓
- Wees gemotiveerd/ goeie moraal. ✓
- Om afval te verminder. ✓
- Verminder die onderhoud en herstel van toerusting. ✓

(verstaan, matig. S bl 26, F p 25) (Enige 4 x 1) (4)

6.4.3 **Beskryf enige TWEE prysstrategieë wat Katie kon gebruik het om die verkoopprys van die poppe te bepaal.**

- <u>Kostegebaseerde/Waarde-vir-geld-prysbepaling:</u> ✓ Katie kan die verkoopprys bepaal deur al die kostes in die produksie optel en ’n winsopslag bysit. ✓
- <u>Onderkruipprys-bepaling:</u> ✓ Katie kan die verrkoopprys bepaal wat die kliënte gewillig is om te bepaal.
- <u>Premium-prysbepaling:</u> ✓ Katie produseer ’n unieke/eiesoortige handgemaakte pop en kan die verkoopprys bo die gemiddelde markprys vir ’n pop vasstel. ✓
- <u>Afroomprysbepaling:</u> ✓ Katie se produk kan as uniek gesien word en ’n eksklusiewe produk want sy verpersoonlik haar bestellings. Hierdie prysstrategie is hoogs as gevolg van die eksklusiwiteit.

(verstaan, matig) (S p 30–31, F bl. 32)
(Enige 2 x 2) (4)

6.4.4 Beskryf hoe die volgende Katie se besigheid suksesvol kan bemark.

**(a) Mondelingse reklame**

Wat mense oor haar produk/ produkte / foto’s het belangstelling laat ontstaan / ’n begeerte om die produk te koop ✓ / die vermeerdering van bestellings het haar besigheid laat verbeter. ✓
(Toepassing, matig) (2)


SA EXAM PAPERS

SA Exam Papers | This paper was downloaded from saexampapers.co.za



**(b) Selfoon foto's**
Meeste mense het selfone ✓ dus maklik / vinnig ✓ om foto's en inligting na ander, ✓ of op sosiale media platvorms. ✓ Foto's van produkte trek mense aan ✓ om te koop en die produk te bestel.
(Toepassing, matig) (3)

6.4.5 **(a) Bereken die verkoopsprys van EEN lappop. Rond die verkoopsprys tot die naaste rand af. Toon alle berekeninge.**

R240,00 + R1 000,00 + R500,00 = R1 740,00 ✓
R1 740,00 x 70% = R1 218,00 ✓
R1 740,00 + R1 218,00 ✓ = R2 958,00 ✓
R2 958,00 ÷ 8 ✓= R369,75
= R370,00 ✓

**OF**

R240,00 + R1 000,00 + R500,00 = R1 740,00 ✓
R1 740,00 ÷ 8 ✓= R217,50
R217,50 x 70% = R152,25 ✓
R217,50+ R152,25 = ✓ R369,75 ✓
= R370,00 ✓
(Toepassing, matig) (6)

**(b) Bereken die wins wat op een pop gemaak word.**
R2 958,00 – R1740,00 ✓ = R1 218,00 ÷ 8 = R152,25 ✓

**OF**

R369,75 – R217,50 ✓ = R152,25 ✓
(Toepassing, matig) (2)

6.5 **Analiseer hoe Katie die maak van groen produkte tot die volhoubaarheid van Katie se besigheid kan bydra.**

- Gebruik herwinbare kleedstof om die poppe te maak. ✓
- Produkte gebruik nie elektrisiteit nie ✓ en is dus meer volhoubaar, en verminder die elektrisiteitsverbruik. ✓
- Verpakking kan weer gebruik word, ✓ en dien as ŉ drasak vir die pop.
- Minimale vermorsing omdat alle stukke van kledingstof gebruik word.
- Verminder groenhuisgasse, omdat die werkers van die huis af kan werk en hoef nie na die werk en terug te reis nie.
- Verminder toksiese chemikalieë vir die kleur van kledingstowwe deur natuurlike kleurstof te gebruik.
- Aanlynwinkels kan advertensies aanlyn en digitaal doen, en verminder dus die gebruik van papier om fakture en advertensies te druk.
- Basiese poppe word vooraf gemaak en dan na ŉ kliënt se spesifieke bestelling aangepas, dus word geen onnodige produksie van goedere gemaak nie.
- Produkte het nie ŉ vervaldatum nie, en is dus meer volhoubaar.

(Analisering, moeilik) (F bl. 26, 27 S bl. 26, 27) (8)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Kopiereg voorbehou

SA EXAM PAPERS